# WERKKAART 5

# MODULE 5

Kyk na die illustrasie op bladsy 123.

1. Vul die korrekte voorsetsels in die volgende sinne in.
   a) Die ma en haar kinders staan . . . die hut.
   b) Die sustertjies het elkeen 'n romp . . .
   c) Die een sustertjie staan . . . die ander een.
   d) Die jongste sustertjie staan . . .  haar ma . . . haar hand . . . die lug.
   e) Al drie die sustertjies stap later hand . . . hand . . . die rivier . . . water te skep.
   f) f) Die wolke is . . . die hut.
   g) Die kinders kyk . . . die mandjie wat die ma . . .  hulle uithou.
   h) Hulle stap . . . voet na die rivier terwyl die boere . . . die naburige plaas . . .  motor dorp toe ry.

Blaai na die teks op bladsy 126 en 127.

2. "Mapungubwe is naby die plek geleë." (par. 2)
   a) Skryf die onderwerp, voorwerp en gesegde in hierdie sin neer.
   b) Brei die onderwerp en voorwerp uit deur bepalings by te voeg.

3. Lees die laaste sin van paragraaf 3 op bladsy 127.
   a) Skryf die onderwerp neer.
   b) Watter tipe woordsoort is hierdie onderwerp?
   c) Die woord "vee" word hier as 'n selfstandige naamwoord gebruik. Gebruik hierdie woord nou as 'n werkwoord.
   d) "Vee" se homoniem is "fee". Wat is 'n "fee"?
   e) Brei die gesegde uit deur van 'n bywoordelike bepaling van plek gebruik te maak.

Blaai nou na die gedig op bladsy 133 vir die volgende vrae.

4. Skryf die basisvorm van die selfstandige naamwoord in versreël 2 neer.

5. Gebruik die werkwoord in versreël 3 en vorm 'n deelwoord. Gebruik die deelwoord in 'n goeie sin.

6. In versreël 4 kom 'n bywoord voor. Maak van morfeme gebruik en kyk hoeveel nuwe woorde jy van die bywoord in versreël 4 kan vorm.

7. In versreël 10 is 'n deelwoord. Skryf die basisvorm van die deelwoord neer.

8. Leenwoorde is woorde wat uit ander tale ontleen is. Kyk of jy die leidrade kan gebruik om die blokkiesraaisel oor leenwoorde te voltooi.

**Dwars**

1 In Afrikaans noem ons dit ontbyt, maar die Engelse noem dit . . .


5 'n Rustige middagslapie in Spaans.

7 'n Woord uit die Afrika-tale as jy seerkry.

8 Die Spanjaarde se plein.

10 Die Japannese noem dit papiervoukuns.

11 'n Franse sous wat jy maak as jy eiers en asyn stadig klits.




**Af**

2 'n Japannese gereg van rou vis of groente in rys gerol.

3 'n Maleise woord vir "chutney".

4 'n Engelse woord vir die plek waar die regering vergader.

6 Die kuns van blommerangskikking in Japannees.

9 Die seënwens uit Latyn aan die begin van 'n kerkdiens.


**Vir inligting oor u naaste boekhandelaar of vryskutagent kontak**

**Elana Bredell** Streeksverkoopsbestuurder: Skole (Kusstreke, Vrystaat, Noord-Kaap) | Regional Sales Manager Schools (Coastal Regions, Free State, Northern Cape) elana.bredell@nb.co.za of

**Henk Viljoen** Streeksverkoopbestuurder: Skole (GT, MPU, NW, E.C., L) | Regional Sales Manager Schools (GT, MPU, NW, E.C., L) **henk.viljoen@nb.co.za**.